



## Dawid word gesalf as koning 1 Samuel 15:34-16:13

[The Human Library](#) is 'n biblioteek, maar nie van boeke nie. In hierdie projek is die "boeke" regte mense. In hierdie menslike biblioteek kan jy 'n mens "uitleen", 'n proses wat beteken jy luister in so 30 minute na hul verhaal. Elke menslike boek het 'n titel, soos "werkloos", "vlugteling", "bipolêr", "verslaafde", of wat ook al die geval mag wees. Sodra jy hierdie boek uitneem en na die persoon se verhaal luister, ontdek jy talle dieper redes waarom 'n mens nooit 'n boek op grond van sy buiteblad moet beoordeel nie. Die leuse is "unjudge someone". Ons teks sê ook dat die Here kyk dieper as die buiteblad; die Here sien die hart.

Die werklikheid is dat elkeen van ons met vooroordeel na ander kyk. Jy is vir sommige 'n "boer" of 'n "settler"; ander mense word weer as 'n "tsotsi", of 'n "kortbroek" gesien. Die afbreek van vooroordeel is in almal se belang. Dit help ons ontdek hoe ons almal eintlik dieselfde nastreef, oor dieselfde besorg is, en afhanklik is van die ondersteuning van ander.

**Verspeelde kans:** Saul se verhaal is, soos Eli s'n, 'n verhaal van verspeelde kans. Die geskiedenis van Israel is by 'n ernstige draaipunt. God het Saul as koning verwerp. Die begaafde jong man met die mooi liggaamsbou het die belangrikste ding in sy lewe verloor: God se seën vir sy koningskap... Dit was nie 'n willekeurige besluit van 'n wispelturige God nie, maar die gevolg van sy swak keuses. Hierdie verhaal maak ook baie vrae los! As God dan kan spyt wees oor 'n keuse wat Hy gemaak het (oor wat Hy in Saul gesien het), hoe verstaan ons sy almag en beheer? Dit moet tog vir ons iet sê van die

aard van ons wêreld se toekoms... en die reuse rol wat ons daarin speel?

Samuel rou oor koning Saul en vind dit moeilik om die Here se opdrag uit te voer. Sy emosies van laat hom beswaar maak teen die Here se opdrag. Die verhaal fokus egter daarop dat God se wil **gedoen** moet word. God verstaan ons vrese, maar die koninkryk van God en sy wil is die primêre fokus van ons lewe. God is nie in 'n doodloopstraat wanneer ons dink dat die einde aangebreek het nie. Hy sluit telkens 'n nuwe toekoms oop en roep ons om Hom daarin te volg.

Vir geloofsgemeenskappe is dit altyd 'n krisis as daar 'n verval in leierskap kom. Die natuurlikste reaksie by ons is om so gou as moontlik die "regte" persoon te kry wat die "vakuum" kan vul. Die grootste slagvat waarin ons kan trap, is dat ons te haastig kies. Samuel moes sekerlik verstaan dat die keuse van Saul op grond van sy uiterlike karaktertrekke sonder die seën van God niks beteken het nie. Tog trap hy weer in dieselfde slagvat wanneer Eliab voor hom staan. In vers 1 van 16 sê God vir Samuel – Ek stuur jou na Isai, want ek het tussen sy seuns vir MY 'n koning gesien... Die sleutel tot alles – GOD sien wat ons nodig het nog voor ons weet ons het iets nodig! God begin skryf aan 'n nuwe hoofstuk.

Ou Samuel – die profeet en siener - kon nie eers sien wat God doen nie. In 1 Sam 9:19 verwys Samuel selfs na homself as die groot **siener** van Israel... God beweeg anderkant die spektrum van wat ons kan sien, maar God verloor ons nie uit die oog nie. Terwyl Samuel uitsig verloor, "sien" die Here reeds die nuwe toekoms. Hy gee die opdragte, stuur die "siener" wat nie meer sien nie en kyk dieper as die oog kan sien.

Die drama wat volg is bekend – Isai se oudste seuns stap verby. En God se eerste reaksie eggo oor die eeue heen: *Moenie na sy voorkoms kyk nie, wat Ek het hom afgekeur - dit gaan nie oor wat die mens sien nie, want "Die mens kyk na wat hy sien, maar die Here kyk na die hart."* En wanneer die res van Isai se seuns verbystap is dit elke keer God se reaksie.

Maar daar is nog 'n seun – Dawid – die half vergete kind wat die skape oppas. Hulle hou hom daar waar hy die minste skade kan aanrig! God hou klaarblyklik daarvan om met 'n "agterstand" te begin; Hy "sien" die jongste skaapwagtertjie raak. Hy kies en bekragtig die "man na sy hart" (13:14).

Leiers is nie onvervangbaar nie, maar God se kriteria vir leiers is anders as ons s'n. So gebruik Hy telkens by keerpunte sulke figure: Moses die hakkelende moordenaar, Nehemia die wynskinker in die heidense paleis, Ester, en Jesus van Nasaret, die Gekruisigde. Hy vestig sy kerk met vissersmanne en talle naamlose en huiwerende gelowiges. God sien potensiaal waar niemand dit sien nie, selfs nie eens Dawid se eie pa nie. Paulus het dit goed begryp (1 Kor 1:18-25). Nie groot skemas en programme nie, maar kleipotte met skatte in, maak God se koninkryk sigbaar in hierdie wêreld (2 Kor 4:7-13). Glorie, voorspoed en gewildheid is die groot verleiers van die kerk: God se koninkryk lyk nie so nie en kom nie so nie. Dit kom in en deur die armes van gees... Dit is waar ons moet kyk om God se merkers en "lewende boeke" in sy koninkryk te volg. Geen situasie is vir die Here te erg nie en geen mens vir Hom te klein om te gebruik nie. Dit is die vreemde verkiesing van God. Genade is uiteraard vreemd, want dit gaan teen die menslike grein in.

In hierdie drama – vol ironie en spanning en omkeer van verwagtinge – hoor ons die heelyd die kontras tussen *sien* en *hoor*. Die kernwoord is *sien* – veral in vers 7 waar dit vyf keer voorkom. Samuel maak staat op wat hy sien...en wat hy sien is nie wat GOD sien nie. Samuel se werk hier was nie om te sien nie, maar om te *luister*... "Jy moet die een salf wat ek vir jou sal sê!" Elke keer sê God vir hom: Jou kyk en my kyk verskil. Wanneer ons God

se wil onderskei, skiet ons oog tekort – ons kort meer – 'n oor wat God se stem kan hoor.

**Die Here kyk dieper as die buiteblad.** Die Here kan dinge van ons sien wat ons nie kan sien nie. Ons kyk mekaar vlak. Ons menings en opinies word sterk gekoppel aan ons onvermoë om verby die oppervlak te kyk. Vers 7 bevat enorme waarhede. Ons maak heeltemal te veel afleidings bloot op grond van wat ons sien.

Die skrywer van hierdie boek lok ons op 'n manier uit wanneer Dawid beskryf word: "Die seun was rooierig, met mooi oë en 'n goeie voorkoms". Ons sal vandag sê hy was sag op die oog! Dadelik gebeur dit waarteen Samuel (en ons) gewaarsku word. Die verteller forseer ons om met ons fisieke oë te kyk en 'n mening te vorm op grond van voorkoms. Ons is klaar opgewonde oor Dawid en tevrede met sy kandidaatskap – net op grond van sy mooi voorkoms! Is ons dan nie besorg oor Dawid se hart nie? Wil ons nie meer oor hom weet as net van sy aantreklike voorkoms nie?

Wanneer ons mense beoordeel, moet ons ook rekening hou met verandering oor 'n lang tydperk. Dawid se verkiesing lei eers lank hierna tot die erkenning van sy koningskap. Verandering neem soms lank, maar daarop moet met geduld en gehoorsaamheid gewag word, totdat die Here dit laat gebeur. Die skaapwagtertjie in mense se oë is in God se oë 'n koning. Om deur God gekies te wees, kan maklik misverstaan word. Dawid het die kragtige werking van die Gees in sy lewe nodig. Hierdie werking van die Gees maak ons nie selfgenoegsaam nie. Ons ontvang nie die Gees sodat ons meer "geestelik" as ander kan wees nie, maar sodat ons mekaar met die gawes van die Gees kan dien en opbou. Deur die salwing van die Gees verbind God Homself aan gewonde mense en neem Hyself verantwoordelikheid vir ons toekoms.

Soos Walter Brueggemann sê: *"This is not merely a story of a boy who becomes king, an underdog who wins; it is a story about God and the way God sees us and chooses unconventional ways and unexpected people to get things done in the world."* Daarom kan niemand in die geloof *klein* oor hulself of ander dink nie.